2 Desember **Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 2:14-17**

Geroepe slawe van God

In hierdie verse dank Paulus God saam met die apostels. Waarom? Die OAV sê: omdat God hulle altyd in Christus laat triomfeer. Die NAV sê: omdat God hulle in sy triomftog saamneem. Op die ou einde is albei vertalings reg, en albei is van toepassing op elkeen wat God dien.

Die Here neem ons in sy triomftog saam, skryf Paulus (NAV). Daarmee gebruik hy as beeld die destydse gewoonte dat ’n generaal na ’n oorwinning ’n triomftog deur die stad se strate onderneem het. Saam met hom het hy sy krygsgevangenes in boeie laat stap, want hulle was nou sy slawe.

Om hierdie beeld op onsself toe te pas, is nie moeilik nie. Dit sê: God is die oorwinnaar. Ons is sy slawe wat Hy gevange geneem het. Wie het Hy oorwin? Ons weet dat Hy Satan, die Bose, oorwin het. Dit het Hy in Christus gedoen. Daarom skryf Paulus: “In Christus voer Hy ons saam in sy triomftog”.

Juis daarom, omdat dit ’n oorwinning oor Satan was, is Christus se triomftog ook ons triomftog. Al stap ons saam met Christus as sy slawe, jubel ons oor sy oorwinning. Saam met Paulus roep ons uit: “God sy dank!” want Christus het ons bevry van die gruwelike tirannie van Satan. Nou staan ons in God se diens, en sy juk is sag en sy las is lig. Toe ons Satan se slawe was, was ons gedoem, maar nou dat ons God se slawe is, smaak ons die oorwinning saam met Christus. Daarom dank ons God.

Sing: Skrifberyming 10:5,6 Prof GJC Jordaan (Potchefstroom)